# DIE HANDVES VAN MENSEREGTE

Almal in Suid-Afrika het menseregte en is geregtig op hierdie regte en om met waardigheid behandel te word. Hierdie regte is by die Grondwet van Suid-Afrika ingesluit as die Handves van Menseregte. Dit leer vir burgers hoe om mekaar billik en as gelykes te behandel.

### GELYKHEID
Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming deur en voordeel van die reg.

### LEWE
Elkeen het die reg op lewe. Die howe mag niemand ter dood veroordeel nie.

### MENSWAARDIGHEID
Die regering en burgers moet mense se menswaardigheid respekteer.

### VRYHEID EN SEKERHEID
Niemand mag onbeperk sonder 'n verhoor aangehou word nie. Jy mag nie gemartel of wreed gestraf word nie. Jy het die reg om vry van alle geweld te leef.

### SLAWERNY, KNEGSKAP EN DWANGARBEID
Jy mag nie gedwing word om vir iemand te werk nie. Jy het die reg om te kies waar jy wil werk en watter soort werk jy wil doen.

### VRYHEID VAN SPRAAK EN UITDRUKKING
Elkeen het die reg om vrylik te praat, skryf of kuns te skep. Jy mag nie ander met haatspraak of seksistiese taal benadeel nie.

### PERSOONLIKHEID EN PRIVAATHEID
Jy, jou huis en jou eiendom mag nie sonder 'n geldige rede deurgesoek word nie. Die regering mag nie jou besittings neem, jou pos oopmaak of jou foonoproepe afluister nie.

### VRYHEID VAN GELOOF, OORTUIGING EN MENING
Jy het die reg om te glo wat jy wil en die geloof van jou keuse aan te hang.

### VERGADERING EN BETOGING
Jy het die reg om openbare vergaderings te reël en daaraan deel te neem, mits dit vreedsaam geskied. Jy mag ook petisies opstel en onderteken.

### VRYHEID VAN ASSOSIASIE
Elkeen het die reg om by die groep van hul keuse aan te sluit en om te assosieer met wie hulle wil.

### POLITIEKE REGTE
Alle Suid-Afrikaners ouer as 18 jaar het die reg om by 'n politieke party aan te sluit en aan verkiesings deel te neem. Jy het die reg op vrye, regverdige en gereelde verkiesings.

### VRYHEID VAN BEWEGING EN VERBLYF
Jy het die reg om na enige plek in Suid-Afrika te gaan of daar te woon. Jy kan vrylik die land verlaat en terugkeer. Alle Suid-Afrikaners het die reg om 'n paspoort te besit.

### TOEGANG TOT INLIGTING
Elkeen het die reg op toegang tot inligting van die regering of enigiemand anders indien jy die inligting nodig het om jou regte te beskerm.

### VRYHEID VAN BEDRYF, BEROEP EN NERING
Elkeen het die reg om vrylik 'n bedryf, beroep of nering te kies. Die beoefening van 'n bedryf, beroep of nering kan deur die reg gereguleer word.

### KINDERS
Alle kinders jonger as 18 jaar het die reg op ouerlike sorg, onderdak, gesonde kos, om nie verwaarloos of mishandel te word nie, om nie gedwing te word om te werk nie en op regshulp as hulle van 'n misdaad aangekla word.

### BURGERSKAP
Geen burger mag burgerskap ontsê word nie.

### REGVERDIGE ADMINISTRATIEWE OPTREDE
Die regering en regeringsdepartemente mag net regsaksies instel wat aan die wet voldoen.

### BEHUISING
Jy het die reg op toegang tot behuising, maar die regering is nie verplig om behuising aan elkeen te voorsien nie.

### ARBEIDSVERHOUDINGE
Elkeen het die reg om billik by die werk behandel te word. Jy mag 'n vakbond stig en aan wettige betogings deelneem.

### OMGEWING
Elkeen het die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid is nie. Jy mag ook die hulpbronne op 'n verantwoordelike wyse gebruik.

### GEARRESTEERDES, AANGEHOUDENES EN BESKULDIGDES
Jy het die reg op 'n regspraktisyn en besoeke deur familielede; die beskerming teen onregmatige aanhouding, op menswaardige toestande van aanhouding en om nie onder dwang 'n bekentenis af te lê nie. Jy het die reg om so vinnig moontlik in die hof te verskyn.

### EIENDOM
Elkeen het die reg om eiendom te besit en te verkoop. Eiendom mag slegs onteien word as die regering 'n billike prys daarvoor betaal en dit in die openbare belang gebruik word, soos vir die bou van 'n dam of 'n spoorlyn.

### ONDERWYS
Elkeen het die reg op basiese onderwys (tot graad 12). Jy het die reg om onderwys in die taal van jou keuse te ontvang, mits daar genoeg leerders is wat onderwys in daardie taal wil ontvang en 'n gekwalifiseerde onderwyser beskikbaar is.

### GESONDHEIDSORG, VOEDSEL, WATER EN MAATSKAPLIKE SEKERHEID
Die regering moet toesien dat gesondheidsdienste, voedsel, water en finansiële hulp (pensioen, maatskaplike en kindersorgtoelaes) beskikbaar is indien jy nie jouself of jou afhanklikes kan onderhou nie.

### TAAL EN KULTUUR
Elkeen het die reg om die taal van sy of haar keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van sy of haar keuse deel te neem, mits jy nie daarmee ander se regte skend nie.

### TOEGANG TOT HOWE
Elkeen het die reg op toegang tot die howe. Jy kan jou regsprobleme deur die hof laat beslis.

**Organisasies gemoeid met menseregteskendings**

- **Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAHRC) 011-484-8300**
- **Die Kommissie vir Geslagsgelykheid 011-403-7182**
- **Kinderlyn Suid-Afrika 0800-055-555**

BRON: OXFORD SUKSESVOLLE LEWENSORIËNTERING

### MENSEREGTEDAG
21 MAART

Mensregtedag word op 21 Maart gevier. Die dag herdenk die Sharpeville-slagting in 1960 toe die inwoners van Sharpeville in die Vaaldriehoek vreedsaam teen die paswette van die apartheidsregering betoog het. Die paswette het bepaal dat swartmense ten alle tye 'n dokument by hulle moes dra. Daar is streng toesig gehou oor wie in wit gebiede kon kom om te werk. Die polisie het op die betogers losgebrand en 69 mense is dood en talle ander beseer. Vandag word hierdie dag ingespan om ons menseregte te vier.

HUIS genoot

Beweeg saam met OXFORD!

OXFORD UNIVERSITY PRESS SOUTHERN AFRICA